Sing vooraf: Psalm 68:8 (p. 333)

8 Gods eng'lemagte bo die swerk / het, tien en tien maal duisend sterk, / slagvaardig uitgeswewe;
by hulle is sy majesteit / 'n Sinaï in heiligheid, / deur bliksemlig omgewe.
U het omhoog gevaar vol eer; / die kerker was u buit, o HEER, / en gawes u beloning
wat neerdaal op die mensekind; / selfs wie opstandig is, dié vind / by U, o HEER, 'n woning.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.
Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Skrifberyming 15-1:1, 2, 4 (nuut)

1 Ek buig voor God die Vader biddend neer, / voor Hom deur Wie gelowiges mag lewe:
dié reeds verhoog, in hemele verhewe, / en dié wat nog in aardse tyd verkeer.

2 Mag God nou deur sy Gees in julle werk, / jul uit sy ryke heerlikheid bekragtig
sodat in julle woon die Christus magtig / en jul in liefde vasstaan, stewig, sterk.

4 Aan Hom wat kragtiger in ons kan werk / as wat ons bid of dink – aan Hom, die Here,
bring ons in Christus ewig, ewig ere! / Amen! Aan Hóm die ere in die kerk!

Geloofsbelydenis: Nicea

Na die wet sing ons Skrifberyming 15-2:3 (38:3)

Wet

Skrifberyming 15-2:3 (38:3)

3 O, luister na My as Ek roep – / dit is die roepstem van die Gees.
Al wie 'n oor het, laat hom hoor / dat jy my bruidskerk weer kan wees.
Aan die oorwinnaar in die stryd / gee Ek die lewensvolle spys,
die altyd-nuwe vrugte van / die keurboom in Gods paradys.

Gebed

- ***Doksologie:***
- ***Aanbidding:***
- ***Skuldbelydenis:***
- ***Vergifnis:***
- ***Dank:***
- ***Smeking vir die nood van die gemeente en voorbidding vir die kerk, owerhede en sondige wêreld, asook die beroep op die beloftes van God:***
- ***Algemene bede:***
- ***Verligting van die Gees ter wille van die Woorddiens:***

Amen.

Psalm 138:1 (p. 670)

1 'k Sal met my ganse hart, o HEER, / U loof en eer, u hoogheid huldig,
en voor die gode◌ͯin psalmgeklank, / U bring die dank, aan U verskuldig.
Ek sal my neerbuig op u eis, / na u paleis, die oog na bowe.
En om u guns en waarheid saam, / u heil'ge Naam eerbiedig lowe.

Skriflesing: Handelinge 2

Teks: Handelinge 2:37-42

Kyk waar moet ons met die evangelie van Jesus Christus heen.

- Ons is daarmee op pad na die Here se ewige koninkryk toe.
- Die evangelie is die verkondiging van sekere feite wat in die verlede gebeur het en wat 'n invloed het op ons toekoms.

Ons gee in hierdie preek meer aandag aan die manier waarop ons moet kerk wees. Let op na die volgende aspekte daarvan:

1. Waar kom die kerk soos ons dit vandag ken, vandaan?
2. Hoe het die eerste kerk gelyk toe die Here dit ingestel het?
3. Wat maak die ouderlinge en die diakens hiervan?
4. Is ons nog opreg?

1. Waar kom die kerk soos ons dit vandag ken, vandaan?

Nog voordat daar iets van die aarde geskape was, het die Here al besluit presies wie al die mense sal wees wat op die aarde gaan lewe. Hy het besluit wat elke mens se naam gaan wees en ook wat die bestemming van elke mens gaan wees.

Kom ons kyk net weer na die feite.

- God het al voor die skepping besluit om vir Hom 'n kerk voor te berei vir 'n lewe na hierdie een.
- In die tyd voor die skepping het Hy al op die name af besluit wie al die mense is wat op die aarde gebore sou word en wie van hulle Hy wil hê (Efesiërs 1:4-6).

  . . . soos Hy ons in Hom uitverkies het voor die grondlegging van die wêreld om heilig en sonder gebrek voor Hom in liefde te wees, (Efesiërs 1:4 AFR1953)

Uit almal wat Hy toe bestem het om te lewe het Hy 'n sekere getal uitgekies as sy eiendom.

- Hy het toe al besluit dat sy Seun Jesus Christus op 'n stadium in die geskiedenis 'n menslike liggaam sou aanneem en tussen hulle op die aarde kom lewe.
- Hy sou heeltemal sondeloos wees as mens en aan die einde sou Hy Homself in die dood oorgee aan God se toorn.
- God sou dan die sondes van al die mense wat Hy voor die skepping uitgekies het, aan sy Seun straf sodat hulle vrygespreek kan word van alles wat hulle aangevang het.
- Hy gaan hulle dan in sy ewige koninkryk inneem om saam met Hom te lewe tot in ewigheid.

Die feit is dat al die dinge reeds gebeur het, en dat dit 'n effek op ons het.

- Die Here Jesus het toe na sy dood en opstanding teruggevaar hemel toe.
- Maar Hy het in sy plek die Heilige Gees na ons toe gestuur om ons in die geloof te lei tot in die hiernamaals.

Die Here Jesus het ook besluit dat hierdie gelowiges saamgegroepeer moet word in kerke.

- Hy wil hê dat hulle met mekaar moes saamleef en hulle saam moes oefen in die godsaligheid.

Die eerste kerk het tot stand gekom die dag toe die Heilige Gees uitgestort is.

- Ons is al baie jare daarvandaan af weg, maar dit beteken nie dat ons in vandag se tyd kerk kan wees soos ons wil nie.
- Ons kerk moet nog steeds wees soos wat die eerste kerk gelyk het die dag toe dit deur die Here ingestel is.
- Ons geloof moet nog dieselfde wees as daardie mense s'n, en die belewing wat ons in ons harte het, moet ook nog dieselfde wees as daardie mense s'n.

Daarom kyk ons weer vandag na daardie mense en wat die Heilige Gees van hulle gemaak het deur die bloed van Jesus Christus – sodat ons onsself kan ondersoek en op dieselfde spoor terugkry as ons dalk al afgedwaal het.

- Net soos hulle moet ons uit al ons onkunde uitgroei en tot bekering kom om die Here met oorgawe te dien (Handelinge 17:30).

> **God het dan die tye van onkunde oorgesien en verkondig nou aan al die mense oral dat hulle hul moet bekeer,** (Handelinge 17:30 AFR1953)

Onthou net, die enigste doel van die kerk is om God te verheerlik.

- Alle ander dinge wat die kerk doen en wat in die kerk gebeur, staan in die teken van diens aan die Here en die verheerliking van sy Naam.
- Die kerk is tog mense wat deur God uitverkies is en van wie Hy verklaar het dat hulle sy eiendom is.

Daar is 'n baie mooi beskrywing in die Bybel van wie en wat ons is wat lidmate van die kerk van die Here is.

- Die Here sê dat ons 'n geslag is wat Hy uitverkies het en wat Hy konings en priesters gemaak het.
- Hy het ons heilig gemaak en Hy het ons sy eiendom gemaak sodat ons sy lof en sy heerlikheid kan verkondig (1 Petrus 2:9).

Met hierdie uitspraak van die Here moet ons reguit teruggaan na onsself toe.

- Waarom is ek en julle in hierdie gemeente?
- Waarom kom mense tot bekering en glo in die Here Jesus Christus?
- Moet sulke bekeerdes noodwendig lidmate van die kerk van die Here word?

Dit is baie belangrik dat ons baie keer oor al hierdie dinge dink, want as ons die antwoorde daarvoor het, sal ons weet waar ons met die Here staan.

- Anders gestel: dan sal ons weet of ons in die kerk hoort of nie. Mense wat nie werklik in die Here glo nie, kan tog nie lidmate van die kerk wil wees nie.

Daar is 'n paar belangrike dinge wat ons altyd in gedagte moet hou.

- Die een is dat die Here 'n baie lang pad met ons almal loop.
- Uit al die mense wat sou lewe deur die eeue, het God net 'n aantal uitgekies wat volgens sy besluit in die lewe na hierdie een in sy koninkryk sal wees.
- Hy het besluit om al hierdie mense in die bloed van Jesus Christus heilig te maak – dit is ons.

Ons kan dalk vra: Wat daarvan?

- Aan die een kant openbaar dit presies wat ons staanplek in die raadsplan van die Here is.
- Aan die ander kant leer dit presies wat Hy nou van ons verwag – Hy het ons heilig gemaak sodat ons onberispelik voor Hom kan lewe (Efesiërs 1:4-6).

Dit beteken vir ons vandag dat ons nie in die kerk kan leeglê nie.

- Ons moet as gelowiges ons kant bring.
- Jy kan nie net op die lidmateregister ingeskryf wees en jy is nie aktief in jou gemeente nie.
- Ons moet lewende lidmate wees (vgl. Heidelbergse Kategismus vraag en antwoord 54).
- As jou geloof nie sodanig is dat jy 'n lewende lid van die Here is nie, is jy in 'n verkeerde plek as jy lidmaat is van 'n kerk.

2. Hoe het die eerste kerk gelyk toe die Here dit ingestel het?

Dit is baie belangrik dat ons oplet na die feite in die gedeelte wat ons gelees het uit Handelinge 2:41-42, want daar lees ons presies hoe die eerste Nuwe-Testamentiese Kerk gelyk het. *Ons moet altyd daarna streef om lidmate te wees soos wat daardie mense lidmate was en geglo het.*

Die volgende sake is uiters belangrik om te onthou:

- Net mense wat werklik in die Here geglo het, het lidmate van die eerste gemeente geword.
- Hulle hele lewe was in totale oorgawe aan Jesus Christus.

Daarom het hulle almal die volgende dinge saam gedeel:

- Hulle is almal gedoop.
- Hulle was onderling eensgesind in die geloof.
    - Hulle het nie elkeen 'n eie geloofsrigting ingeslaan nie.
    - Hulle het gebly in die leer van die apostels.
- Hulle het onderling baie nou saamgeleef – daar was nie 'n bakleiery en snobisme nie.
- Hulle het volhard in gemeenskaplike maaltye – dit is onder andere in die viering van die Nagmaal.
- Die doop van die kinders en die nuwelinge is vanselfsprekend hierby ingesluit, want die ontstaan van die gemeente het juis gebeur toe die eerste drieduisend almal gedoop is.
- Hulle het daarin volhard om saam te bid.

Uit hierdie beskrywing is dit duidelik dat daar ten opsigte van sekere dinge by ons al 'n taamlike verkoeling ingetree het.

- In ons kerk bid ons byvoorbeeld nie meer so baie vir mekaar en saam met mekaar nie.

Vergelyk hierby Handelinge 9:31. Daar staan geskryf dat die Heilige Gees die gelowiges so gelei het dat hulle hele lewenswyse gevestig geraak het in die Here.

> **En die gemeentes deur die hele Judéa en Galiléa en Samaría het vrede gehad; en terwyl hulle opgebou is en gewandel het in die vrees van die Here en die vertroosting van die Heilige Gees, het hulle vermeerder.**
> (Handelinge 9:31 AFR1953)

- . . . hulle het gewandel in die vrees van die Here en die vertroosting van die Heilige Gees.
- Let op na woorde soos **vrees vir die Here**.

Is ons nog so bewus van die Here se oordeel dat ons opreg bang is om sonde te doen omdat ons ons nie in die Here wil vasloop nie?

- Die woorde beteken tog dat die lidmate van die eerste gemeente baie moes gebid het en dat dit saam met 'n opregte lewe voor die Here aan hulle lewenstevredenheid gegee het.
- Wanneer mense biddend en met vreugde lewe, gebeur daar iets groots met hulle. *Ons lees dat die lidmate van hierdie gemeente gegroei het in hulle kennis en insig in die Woord van God* (Handelinge 4:31).

Die punt wat die Here net weer 'n keer maak, is dat die lidmate blydskap en vreugde ervaar het omdat hulle ten nouste met Hom saamgeleef het.

- Ons moet ons ook oefen om so te wees soos wat hierdie mense was.
- Ons moet ook vol wees van die Heilige Gees.
- Ons moet ook alle opstandigheid van ons af wegstoot sodat die Here ons lewe met hartlikheid en tevredenheid kan volmaak.

Dit beteken dat ons elke dag tot bekering moet kom van die verkeerde dinge wat nog in ons vassteek.

- Ons kan en mag mos nie in die slegte dinge van die lewe volhard nie.
- Daarom moet ons by die eerste gemeente se lidmate kers opsteek en kyk hoekom dit so met hulle gebeur het.
- Daar staan in Handelinge 2:47 dat hulle in hulle daaglikse lewe die Here so geprys het dat dit eintlik die hele volk opgeval het.

3. Wat maak die ouderlinge en die diakens hiervan?

Dadelik nadat die gemeente tot stand gekom het, het die Here mense begin gebruik om die kerk vir Hom te bestuur.

- Mense is uitgesoek en in die besondere dienste verkies, waar hulle take gekry het wat hulle vir die Here moes doen om die kerk van die Here gesond te hou (Handelinge 6:3, 4, 6, 7).
- Die mense is nou nie net sommer maar verkies om plek vol te maak nie – hulle roeping moes daarop toegespits wees dat die Woord van die Here verder versprei is en deegliker gevestig is onder die bestaande lidmate.

Hieruit word dit weer 'n keer duidelik hoe belangrik dit is vir die ouderlinge en die diakens dat hulle gereeld by alle lidmate in hulle wyke:

- moet huisbesoek doen,
- vir hulle voorlees uit God se Woord, en
- vir hulle bid.

Daar is nie 'n ouderling of 'n diaken wat kan huisbesoek doen sonder voorlesing uit die Bybel nie.

Lidmate wat met die Here saamleef, sal altyd onthou dat geen ouderling of diaken sommer net uit hulleself na hulle toe kom om te kom kuier nie.

- Hulle word deur God gestuur om hulle te vertroos en te versterk.
- Hulle moet die gelowiges voortdurend te herinner aan die leer van verlossing deur Jesus Christus en hulle daarin versterk (Hebreërs 10:25).

Dit is waarvoor die God van die Bybel sy ampsdraers na sy lidmate toe stuur. Alle huisbesoek het net een doel: Die ampsdraers moet die Here se Woord gaan verkondig.

Elke lidmaat moet besef dat hy/sy vir ewig 'n verloste kind van die lewende God is.

- Ons is baie duur gekoop: Die enigste God van hemel en aarde het 'n mens geword en met sy bloed vir al ons sondes betaal.
- Die konsekwensie daarvan is dat ons op die pad na God se troon toe geplaas is.
- God se lig skyn op hierdie pad, en daarom moet ons so lewe dat ons voetval altyd binne die ligkring van God se herskeppende genade en liefde val.

Die werk en besoeke van die dominee, die ouderling en die diaken moet hierdie dinge verkondig.

- Ons is nuwe skepsels wat deur die Heilige Gees al hoe meer na die beeld van sy Seun herskep word.
- Dit beteken dat ons onsself met die hulp van God die Heilige Gees in ons sondes moet ontdek, en dat ons ons dan in 'n bekeringslewe aan God moet onderwerp.

4. Is ons nog opreg?

Toe die eerste gemeente ontstaan het, was dit as gevolg van die Here se liefde vir daardie mense.

- Hulle was baie bewus daarvan dat hulle dieselfde liefde as wat die Here vir hulle het, ook na mense wat in nood was, moes deurgee (Handelinge 4:32-34).
- Hulle het toegesien dat geeneen in die gemeente gebrek gely het nie.
- Ons moet aan mekaar aandag gee en nie soos eensame woestynlinge ons eie pad probeer deurploeter nie (Galasiërs 6:2).
- Ons moet baie bid en biddend met mekaar saamleef.

Dan maak God ons vol met die Heilige Gees (Handelinge 4:31). *As dit by aanbidding van die Here kom moet ons voluit leef en bid en sing dat almal kan sien hoe mense lyk wat die vervulling van die Heilige Gees belewe.*

- In ons belydenis verklaar ons dat ons as gelowiges altyddeur bid dat die Here ons so met sy Woord en Gees regeer dat ons ons elke dag wat ons langer lewe, ons al hoe meer aan die Here onderwerp.

- Ons bid ook dat die Here elke werk van die duiwel en alle kwaadwillige planne wat ons ook al mag hê tot niet moet maak.
- Ons gee selfs die rede waarom ons dit doen, naamlik dat ons net dinge wil doen wat vir die Here heilig is en wat in sy Woord staan (Heidelbergse Kategismus vraag en antwoord 123; ook die Nederlandse Geloofsbelydenis art. 29).

Ons aanvaar dat ons ernstig is met die dinge wat ons bely.

- Daarom moet elkeen van ons so ernstig as wat ons kan, daarna strewe om die dinge wat die Here van ons verwag, na te kom.
- Een so 'n eis waarvoor die Here ons stel, is dat Hy in die Bybel ons leer dat ons as gelowiges met mekaar en met Hom moet saamkom. Dit gebeur in die eredienste.

Hoe ervaar ons die eredienste, en hoe maak ons onsself geestelik gereed voordat ons in 'n erediens saamkom?

- Ons moet die eredienste en die prediking opbouend en besielend ervaar.
- Die Here leer ons dat van die eerste gemeentes so ernstig was met die preke wat hulle in die eredienste gehoor het, dat hulle elke preek opgevolg het met hulle eie Skrifstudie tuis (Handelinge 17:11).

  En hierdie mense was edelmoediger as dié in Thessaloníka; hulle het die woord met alle welwillendheid ontvang en elke dag die Skrifte ondersoek of hierdie dinge so was. (Handelinge 17:11 AFR1953)
- Die Here sou dit nie in die Bybel neergeskryf het as Hy nie in gedagte gehad het dat ons dieselfde moet doen nie.

Onthou altyd, Broeders en Susters, ons behoort nie meer aan onsself nie, ons is uit die sonde vrygekoop en behoort nou aan ons God en Koning Jesus Christus en ons is vol van God die Heilige Gees.

- Ons moet hierdie Drie-Enige God regtig ken en liefhê.
- Hy verwag van ons om op die spoor te bly waarop Hy sy kerk daardie dag van die uitstorting van die Heilige Gees geplaas het.
- Ons moet lewe in en deur die verkondiging van sy Woord.
- Ons moet liefhê en dit wys.
- Ons moet bid.

Ons moet die blydskap en die vervulling van die Heilige Gees uitstraal. Ons liggaam en ons verstand, ons tyd en ons energie moet 'n spieël wees wat die skitterblink majesteit van Jesus Christus aan 'n verveelde en siniese wêreld moet weerkaats.

Amen.

Slotgebed

Slotpsalm 89:6 (p. 445)

6 Hoe salig is die volk wat luister na u woord, / hul wandel in die lig wat van U afstraal, voort.
Hul sal hul in u diens, waaraan hul toegewy is, / die ganse dag verheug, omdat hul in U bly is;
hul prys u grote krag wat alle krag oortref het, / en u geregtigheid wat hul weer opgehef het.

Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees bly by u almal.

Amen.

Dr MJ du Plessis
GereformeerdeKerk Bellville
Datum: 27 April 2008 (oggend)